

12 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:49-56
Fokusgedeelte: Psalm 119:49, 50

Die Woord gee hoop

Ons leer al van jongs af dat die Bybel die Woord van die Here is. Daarin maak God Homself aan ons bekend, dit leer ons van sy verlossingswerk in Christus en dit openbaar aan ons die vereistes van 'n dankbaarheidslewe. Wanneer die Here sy Woord aan ons gee, is dit egter nie die doel dat ons net in ons verstand met hierdie dinge moet besig wees nie. Deur Homself, die weg tot saligheid en die manier hoe hy in dankbaarheid gedien wil word aan ons bekend te maak, wil Hy die gelowige ook vertroos.

In die *Sajin*-strofe van Psalm 119 word die vertroostende aspek van die Woord deur die digter besing. Dit is opmerklik dat die troos nie iets is wat die digter self in die Woord moet inlees of self iets daarvan moet maak nie. Die feite word eenvoudig in ons fokusgedeelte gestel. Deur die Woord gee die Here self hoop en deur sy insettinge is Hy self besig om te vertroos. Die troos lê daarin dat die Woord van die Here lewend maak.

Hier moet ons die verloop van ons redding baie goed ingedagte hou. Die Woord gee nie eers lewe wanneer die mens uit eie wil daaraan gehoorsaam wil wees nie. God maak lewend, Hy gee die nuwe lewe in Christus en daarin vind ons ons hoop. Omdat die gelowige kind van God nou 'n nuwe hoop op 'n nuwe lewe het, kan hy hom inspan om in gehoorsaamheid aan die Woord van die Here te leef.

In die midde van 'n wêreld wat die geloof en die lewe verwerp, kan die gelowiges hoop hê, want in Christus kan ons volhard in 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid. Hy het ons van die dood verlos en die nuwe lewe aan ons gegee. Dit is ons deel en daarom is dit ook ons deel om die gebooie van ons Here te bewaar.

Sing: Psalm 119:7, 9 (1936)

Ds. C Jooste (Wonderboompoort)